

Andries Theron, visevoorsitter van Graan SA (links) en prof André Agenbag van die Universiteit van Stellenbosch (regs) saam met mnr Garth Hodges (middel), 'n boorling van Suid-Afrika, oudstudent van prof Agenbag en huidige internasionale grootbaas van Bayer Crop Science.



Peule waar jy kyk en alles te danke aan onder meer goeie kultivars en digte plantstade met min of weinige sytakvorming om groter opbrengste en egaliger rypwording te verseker. Dié digte, regop groeiwyse gaan nou ook in Suid-Afrika getoets word.



Kanolabedryf

KOBUS VAN TONDER, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

'n Tweeman-ondersoekspan na die stand van die kanolabedryf in Kanada het pas teruggekeer met genoeg inligting wat die belofte inhoud om die plaaslike bedryf dramaties te verbeter.

Landbou in groot moeilikheid

"But the general point, which should be written in letters two feet high above the bed of everyone interested in the world's food problems, is that a nation that gets its cereal production straight, need not have any food problems."

Hierdie is die woorde van Colin Tudge, die bekende Britse bioloog en bekroonde wetenskap-skrywer wat in voedsel en landbou spesialiseer. Hy glo landbou wêreldwyd is in groot moeilikheid en vir ons almal se ontwil moet dit reggeruk word.

Koring in Suid-Afrika is maar een van verskeie plaaslike landboubedrywe in "groot moeilikheid". Lae en soms die algehele gebrek aan winsgewendheid en 'n onwillige regering om koringprodusente te beskerm, noep produsente om weg van hierdie tradisionele gewas, wat so goed in die Wes-Kaap aard, te beweeg.

Koringaanplantings is nou minder as die helfte as in die verlede. Die afgelope jaar weer het koringinvoere die verfoeilike, dog volkome voorkombare miljoen ton-kerf oorskry. Sodoende is hierdie land en veral sy platte-

landse inwoners, weer eens van miljardrande in broodnodige ontwikkelingsgeld en werksgeleenthede beroof weens kapitaal wat uitvloei.

Koring en kanola

Wat het koring egter met 'n kanolatoer na Kanada te make? Alles!

Kanola en koring wen saam. 'n Goedkoper alternatief as kanola vir onkruidbeheer in Kaapse koring, bestaan bykans nie. Koring lewer beter opbrengste ná kanola in 'n wisselboustelsel. Met 'n produsenteprys wat vanjaar nog die R4 000/ton-kerf gaan toets, is kanola as kontantgewas 'n goeie geldverdiener in eie reg. In die geheel gesien help kanola om verskeie ander gewasse winsgewender te produseer.

Boonop is kanola-olie met sy bewese gesondheidsvoordeel, goed geplaas in hierdie gesondheidsbewuste tydsgleuf waarin ons leef. Afset is verseker, én groei, veral nadat GRAS-status (Generally Recognised as Safe) in 1985 deur die Amerikaanse FDA daaraan verleen is.

Die gesondheidswaarde van kanola-olie is dus sy bemarkingswaarde. Sedertdien het goeie pryse as gevolg hiervan asook die hoër opbrengste wat deesdae behaal word, daarvoor gesorg dat dié oliesaad die mees waardevolle kontantgewas in Kanada geword het.

Sedert vanjaar, oortref kanola selfs lentekoring in dié land van "groot-koring", as die mees aangeplante gewas. Kanada beplan om teen 2015 reeds 15 miljoen ton kanolasaad te produseer. Vergelykenderwys produseer Suid-Afrika minder as 40 000 ton.

Inligting oor kanola asook die kultivars wat in Suid-Afrika geplant word, kom reeds die afgelope 14 jaar uit Australië. Vanweë die stadige vordering met kanola in Suid-Afrika die afgelope aantal jare, het die Proteïenavorsingsstigting (PNS) besluit om twee kanolakundiges, te wete mnr Andries Theron, kanolaprodusent en lid van die PNS Raad asook prof Andre Agenbag, gewaskenner en navorser verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch en lid van die Tegnologiesekomitee van die PNS, na Kanada gestuur om meer van die Kanadese kanolabedryf te leer.

Kanada is immers die geboorteplek van kanola en Australië, op wie Suid-Afrika tot dusver swaar geleun het vir kennis en kultivars, kry in elk geval hul plantmateriaal ook van Kanada.

Hulle opdrag was duidelik: maak kontak met kundiges daar ten einde meer oor hul plantmetodes, plaag- en onkruidbeheer sowel as oesmetodes te wete te kom. Hulle moes ook veral toegang tot verbeterde kultivars en marknavorsing probeer verkry. Die twee het pas met besonder interessante inligting teruggekeer. Hier deel Theron van sy ervarings.

Met hierdie besoek kon hy eerstehands die resultate aanskou wat goeie landsbestuur en samewerking tussen staat en landbouprodusente meebring. Dit is die grondslag waarop Kanada se vindingryke produsente kon voortbou.

Die resultate is duidelik. Kanada is die wêreld se grootste uitvoerders van 'n aantal belangrike voedselgewasse en tel onder die heel



Hierdie vindingryke tandontwerp vir Kanadese kanolaplanters stel produsente in staat om saad en kunsmis 25 mm van mekaar te plaas, met kunsmis effens dieper terwyl die saad 'n vaste basis kry. Hulle glo kanolasaad moenie in los grond geplant word nie.



in Kanada van nader bekyk

grootste produsente van nog meer. Sommer uit die staanspoor was Theron getref deur die Kanadese regering se opbouwende betrokkenheid by landbou. By 'n kongres van die Canola Council van die betrokke provinsie, het die plaaslike Minister van Landbou sommer so effe nonchalant 1,5 miljoen dollar vir die bevordering van kanola geskenk.

Landbounavorsing: 'n prioriteit

As 'n Suid-Afrikaanse produsent, het Theron byna bewoë geraak toe hy verneem van die regering se geldelike bydraes tot landbounavorsing. Dit behels onder meer dat die federale regering 12 dollar gee vir elke enkele dollar wat die produsente tot navorsing bydra.

"Dit is seker net in 'n ideale wêreld waar so iets moontlik is, maar dit sal nogal fantasties wees as ons Minister van Landbou kom en vir ons 'n goeie bedrag gee om kanola te bevorder.

"Ek haal my hoed af vir die landbounavorsers in Suid-Afrika; vir wat hulle vermag met die druppels geld waarmee hulle moet klaarkom. Hulle is regtig iets besonder en verdien elke produsent in hierdie land se waardering," sê Theron.

Voorts het die regering van Kanada 'n "vangnetstelsel" op die been gebring wat hulle self finansier. Dit neem die vorm van 'n goedkoop versekering aan dat as 'n produsent se gemiddelde verdienste oor die langer termyn onder 80% daal, die staat vir die verskil sal instaan.

"So terloops, 'n organisasie soos die Canola Council van Kanada, wat so baie vir die pro-

ducente bereik, sal waarskynlik onder Suid-Afrikaanse mededingingswette onwettig wees.

"'n Soortgelyke organisasie sal nie hier maklik bestaansreg gegee word nie. Dit is omrede verbruikers grootliks van die waardeketting uitgesluit word – iets wat hier nie wettig is nie", aldus Theron.

Wat die invloed van klimaat op kanolaproduksie betref, sê Theron dat Kanadese produsente 'n vensterperiode van vyf maande het vanaf plant tot oes. Hulle plant wanneer die grondtemperatuur bo 5°C styg (gewoonlik teen die middel van Mei).

Die reënval gedurende die groeiseisoen is sowat 250 mm, wat eintlik min is. 'n Mens moet egter in gedagte hou dat hulle dan uit 'n sneeufase kom wat daarvoor sorg dat die grondvog redelik hoog is. Tot hul voordeel weens hul noordelike ligging, is die lang dagliglengte van sowat 15 uur. Dié verskynsel het vir Theron en Agenbag nogal effens onverhoeds gevang, want jy gaan slaap wanneer dit nog lig is en jy staan op wanneer dit al klaar weer lig is.

Volgens Theron is dit ook opvallend van kanolaplante in Kanada, dat hul vegetatiewe groei baie minder is vergeleke met ons plante. Die plante is baie laer met meer peule wat vroeg gevorm en egaliger ryp word. Hierdie is weliswaar 'n baie belangrike waarneming en hou die potensiaal in om die Suid-Afrikaanse bedryf dramaties te bevoordeel.

"Die hoeveelheid teling wat in daardie plante gesit word, is eenvoudig ongelooflik," sê Theron. As koringprodusent was hy onder

die indruk dat dit sowat nege jaar neem om 'n nuwe kultivar te ontwikkel en 12 jaar om dit kommersieel vry te stel.

In Kanada neem dit 'n maatskappy soos Bayer egter presies een jaar om dit te vermag. Hul tegnologie is uitsonderlik, die laboratoriums indrukwekkend en begrotings astronomies. Daar het hulle verneem dat Bayer vanaf volgende jaar deel van die kanolapakket in Suid-Afrika gaan word.

"Ooreenkomste met planttelers in Kanada moet vir ons as 'n prioriteit gestel word ten einde van hulle kultivars te bekom. Dieselfde kultivars gaan in elk geval na Australië en beland dan tog via hulle in Suid-Afrika.

"Ons het tydens ons besoek toegang tot daardie kultivars verkry. Hierdie is eweneens 'n reuse-deurbraak vir die plaaslike kanolabedryf. Die kultivars moet nou net ingebring en onder plaaslike toestande getoets word. Ons weet nie of dit suksesvol gaan wees nie, maar as ons nie probeer nie, sal ons nie weet nie," meen Theron.

Hy sê voorts dat die Kanadese geensins met ons gebruik saamstem om kanola op los grond te plant nie. Kanolasaad moet 'n vaste basis hê. Hulle plaas gevolglik baie meer aandag op drukwiele as ons. Die saad word baie vlak (sowat 10 mm), net langs die kunsmis geplaas. Dit is dalk net iets waarna ons in die toekoms behoort te kyk, sê hy.

Hulle plant ook nie kanolasaad volgens aantal kilogramme per hektaar nie, maar 175 sade per vierkante meter om 'n optimum plantestand van 110 per vierkante meter te kry.

Vervolg op bladsy 20

Kanolabedryf in Kanada van nader bekyk

Vervolg van bladsy 19

Hoe minder plante per oppervlakte, hoe meer stoel hulle en hoe langer neem hulle om "klaar" te maak. Dit veroorsaak dikwels groen en onderontwikkelde peule wanneer geoes word.

Theron beveel aan dat ons meer aandag aan plantdigtheid sal moet gee. Daar is bepaalde plantdigthede wat optimum opbrengs verseker. Tydens hulle toer het hulle ook kennis gemaak en lang gesprekke gehad met mnr Phil Thomas. Hy word as die vader van kanola beskou en het reeds gehelp met die vestiging van kanola in meer as 40 lande.

Theron meen Thomas is een van 'n aantal mense wat hulle daar ontmoet het wat waarde tot die Suid-Afrikaanse kanola-bedryf kan toevoeg. 'n Besoek van hom is dus 'n sterk moontlikheid.

Die een gevolgtrekking waartoe hy gekom het, is dat ons navorsing op kunsmis op standaard is. Ons kan miskien meer aandag aan die plasing daarvan gee, maar andersins is ons kunsmis heeltemal aanvaarbaar en hoef ons vir niemand terug te staan nie.

Vir diegene wat belangstel, noem Theron dat grond hom nog self betaal in Kanada. Die uitsondering is sommige van die beste gronde naby groot sentra waar grond ook teen sowat R30 000/ha verhandel. "Hoe verder 'n mens egter van die stede beweeg, hoe goedkoper raak dit." ■



Graan SA leiers

– Grepe uit hul dagboek

MARNA SWART, SKAKELBEAMPTTE, GRAAN SA

G20 vergadering

As deel van die strategiese doelwitte van Graan SA, lê voedselsekerheid ons na aan die hart. Juis daarom het mnr Jannie de Villiers, uitvoerende hoofbestuurder van Graan SA, sterk leiding geneem by die G20 vergadering wat op 5 September 2011 by die Universiteit van Pretoria gehou is. De Villiers het by dié geleentheid 'n voorlegging aangebied oor Suid-Afrika se posisie ten opsigte van voedselsekerheid.

Eenheid in Landbou-vergadering

Op 8 September 2011 het De Villiers die Eenheid in Landbou-vergadering, gereël deur prof Mohammad Karaan van die Universiteit van Stellenbosch, bygewoon. Tydens hierdie geleentheid het 'n groep leiers in die landboubedryf byeengekom om oor die proses om eenheid in landbou tweeweg te bring asook die voordele daarvan, te besin. Die proses wat gevolg moet word, is ooreengekom en aspekte in die bedryf wat aandag moet geniet, is geïdentifiseer. 'n Opvolgvergadering is geskeduleer vir 11 November vanjaar.

Groenskrif oor grondbesit

De Villiers en mnr Neels Ferreira, voorsitter van Graan SA, het op 19 September die Transformasie Komitee-vergadering van Agri SA bygewoon. Dié komitee is onder andere getaak met die groenskrif oor grondbesit. Terugvoer oor Agri SA se posisie en die wetgewing waarby hulle betrokke is, is ontvang. De Villiers en Ferreira is albei verkies tot twee van die sub-komitees wat met die staat oor die groenskrif moet onderhandel.

Argentynse besoek

Ferreira het Argentinië vanaf 2 tot 10 Oktober 2011 besoek om onder andere 'n navorsingsooreenkoms met die Nasionale Instituut vir Landbou- en tegnologie (INTA) te onderteken. Hy het ook ander rolspelers en implementvervaardigers besoek en die moontlikheid bespreek om hul implemente (veral planters) in geenbewerkingstelsels in Suid-Afrika te toets. INTA sal alle navorsing wat reeds gedoen is en dit waarmee hul tans besig is aan Graan SA beskikbaar stel om duplisering te voorkom. ■



In *Pula-Imvula* of November 2011

SA GRAAN/GRAIN EDITORIAL STAFF

The November edition of *Pula-Imvula* (Grain SA's magazine for developing producers) focuses on various relevant topics such as:

- Developing producers receive recognition for their excellence
- Mme Jane says...
- Farmer Development Programme receives cash injection
- Why plant soybeans?
- Soybeans – the world's miracle crop
- The use of kraal manure as fertiliser
- Preventing spray drift on your crops

Pula-Imvula is available in Sesotho, Setswana, Sesotho sa Leboa, Zulu, Xhosa, Afrikaans and English. For enquiries, please phone Ms Jane McPherson on 082 854 7171. ■

As die dokter nie daar is nie

Ver van mediese hulp en moet gesondheidsorg oordra?

Ruimte-euse tegnologie met sy oorsprong in Amerika en Rusland, is alreeds vir die afgelope tien jaar in Suid-Afrika beskikbaar. Vele produsente het die voordeel om 'n **Rife Wave Resonator** op die plaas aan te hou, ontdek. Deur lae (veilige) elektro-magnetiese golwe te gebruik, word bakterieë en selfs sommige virusse vernietig sonder enige skadelike nuwe-effekte.

Dit is die ideale alternatief vir skadelike antibiotika.

Mnr Philip de Jong, 'n produsent van Koppies, het alreeds in 2000 sy eerste en onlangs sy tweede resonator gekoop. Die resonator kan aangewend word van mastitis in koeie tot 'n asma-aanval by mense. Uitstekend vir sinusitis en artritis. 'n Geldterugwaarborg verseker dat daar geen finansiële risiko's is nie. Rife Health bestaan ook reeds sedert 1999 en is landswyd gevestig om naverkoopdiens te lewer.

Agente is landswyd gereed vir ondersteuning en diens. **Pryse vanaf R6 100 tot R9 400.**

Skakel 082 880 7637
vir nadere besonderhede.
info@wave.co.za



Onthou egter dat die resonator nie die professionele diens van 'n mediese praktisyn vervang nie.